



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2012

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

Hiphop skop!



- 1 Hiphop is 'n musiekvorm wat in Afrika ontstaan het toe ou storievertellers alles wat hulle elke dag gedoen het, vir mekaar begin vertel het. Later het dié stories 'n musiekvorm geword, want dit is met ritme vertel en met die verloop van tyd het rym bygekom. Hiphop het gou populêr geraak en mense in ander lande het dit ook begin namaak, selfs tot in Amerika. Die Amerikaners het later op hiphop verbeter, waarna dit weer in Suid-Afrika gewild begin raak het.
- 2 Hiphop is meer as net 'n musiekvorm. Dit is stories wat in rymvorm van mense se blydschap, seerkry en swaarkry vertel. Hierdie stories vertel van dinge wat werklik met mense gebeur het. Chuck D, leier van die rapgroep *Public Enemy*, noem hiphopmusiek die nuus van die straat.
- 3 Die liedjies van ons land se rymkletsers vertel van die nuwe Suid-Afrika, bende-geweld, meisies wat hulle los en die stryd om elke dag te oorleef. Dit vertel van politiek en swak sosiale omstandighede. Dit kla of oordeel nie. Dit gee net die feite.

- 4 Afrikaanse rymkletsers soos Jack Parow en die groep, *Die Antwoord*, is baie suksesvol en verdien baie geld met hulle musiek. Hulle is oral in die wêreld bekend, maar die meeste ander rymkletsers in Suid-Afrika verdien nie baie geld met hulle musiek nie.
- 5 Die sukkelende rymkletsers het nie geld om video's van hulle musiek te maak nie. Hulle neem elke dag hulle liedjies met selfone in "ateljeetjies" op – sommer in huise of slaapkamers. Hierdie video's word dan op YouTube gelaai. Rymkletsers sou graag eerder dié video's op musiekkanale wou laat speel. Die televisiekanaal, *Musiekkanaal (MK)*, is bereid om hulle video's te speel, maar dan moet die video's goed wees. Al die mense wat hiphopmusiek maak, het dieselfde droom: om daardie één liedjie te skryf wat 'n treffer sal wees.
- 6 Die redes waarom rymkletsers sukkel, is omdat hulle nie die kontakte, opleiding of kennis het om hulle musiekvorm in geld te verander nie. Rymkletsers woon regoor die land. Hulle kom nie juis by mekaar uit nie en deel dus nie mekaar se kennis nie. Van hierdie sukkelende rymkletsers sluit jongmense en misdadigers in. Sommige vrygelate misdadigers probeer nou buite die tronk 'n skoon lewe lei deur hiphopmusiek te maak.
- 7 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, Nasionale Pers (Naspers), het agtergekom dat rymkletsers baie sukkel. Hulle het 'n webwerf begin (www.hiphopkop.co.za) waar rymkletsers op 'n baie eenvoudige manier hulle Afrikaanse liedjies kan aflaai. Hierdie webwerf sorg dat daar 'n toekoms vir Afrikaanse rymkletsers is, want hulle kan hierdie webwerf gebruik om hulle musiek aan die wêreld bekend te stel.
- 8 Dié webwerf bied rymkletsers 'n kans om aan kompetisies deel te neem en help só om rymkletsers selfvertroue te gee om meer musiek te maak. Dit is die rede waarom die populêre talentkompetisie, *HipHopKop*, begin is. Hierdie kompetisie gee rymkletsers die hoop dat iemand hulle musiek sal hoor en besef dat hulle wel talent het.
- 9 Die eerste *HipHopKop* kompetisie wat gehou is, het bewys hoe populêr hierdie musiekvorm regtig is. Inskrywings het van regoor die land ingestroom.
- 10 Die wenner van hierdie kompetisie kry 'n geleentheid om vir 'n jaar lank saam met professionele, bekende vervaardigers opnames te maak. Die wenner woon ook werkwinkels by om al die reëls van hiphopmusiek te leer.
- 11 Teen die einde van hierdie jaar sal die volgende groot naam in Afrikaanse hiphop gereed wees om sy musiek met trots aan die wêreld te toon. Hou maar dop: Afrikaanse hiphop het die voet in die deur van kommersiële sukses ...
- 12 Hiphop in Afrikaans het skop!

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Lente 2011]

- 1.1 Waar het hiphopmusiek begin? (1)
- 1.2 Noem TWEE eienskappe van die hiphopmusiekvorm. (Paragraaf 1) (2)
- 1.3 Watter rol speel Chuck D in die rapgroep *Public Enemy*? (1)

- 1.4 Waarom noem Chuck D hiphopmusiek die “nuus van die straat”? (Paragraaf 2) (1)
- 1.5 Noem TWEE onderwerpe waaroor Suid-Afrikaanse rymkletsers sing. (Paragraaf 3) (2)
- 1.6 Verduidelik waarom “ateljeetjies” (paragraaf 5) tussen aanhalingstekens geskryf is. (1)
- 1.7 Aan watter vereiste moet rymkletsers se video’s voldoen voordat dit op *Musiekkanaal (MK)* gespeel sal word? (1)
- 1.8 Hoe, dink jy, kan ’n radiostasie rymkletsers help om hulle drome te bewaarheid? (Paragraaf 5) (1)
- 1.9 Noem TWEE redes, volgens paragraaf 6, waarom die meeste Suid-Afrikaanse rymkletsers sukkel om geld met hulle musiek te maak. (2)
- 1.10 Verduidelik wat die volgende uitdrukking beteken:
“ ... ’n skoon lewe lei ... ” (Paragraaf 6) (1)
- 1.11 Naspers het ’n webwerf vir rymkletsers begin.
- 1.11.1 Noem TWEE maniere hoe hierdie webwerf sukkelende rymkletsers kan help. (2)
- 1.11.2 Wat sê hierdie webwerf oor Naspers se houding teenoor rymkletsers in paragraaf 7? (1)
- 1.12 Wat suggereer die onderstreepte woord in die onderstaande sin?
“Inskrywings het van regoor die land ingestroom.” (Paragraaf 9) (1)
- 1.13 Op watter TWEE maniere help die pryse van die *HipHopKop* kompetisie ’n wenner met sy/haar musiekloopbaan? (2)
- 1.14 Verduidelik wat bedoel word met: “Hiphop in Afrikaans het skop!” (Paragraaf 12) (1)

TEKS B: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

Kies BIC
en verander in
TOEKOMS!

toekomstige onderwyseres

toekomstige dokter

toekomstige ingenieur

Ons sit die mag in hulle hande!

Vir elke spesiaal gemerkte BiC-skrifbehoeftepak wat jy koop, sal ons 'n pen skenk aan 'n minderbevoorregte kind om hom/haar te help op die pad na geletterdheid.

Koop BiC en skenk 1 pen aan 'n arm kind.

PLUS WEN:

20 x R5 000 KONTANTPRYSE vir skoolopleiding!

Gaan na www.bic.co.za vir meer inligting

BiC

NEEM DEEL AAN DIE KOMPETISIE

Sms die kode op die skrifbehoeftepak + "Kies BiC" na 31501 en jy kan kontantpryse wen!
 Kompetisie sluit 31 Desember 2012.
 BiC-skrifbehoefte is by alle kettingwinkels beskikbaar.

[Verwerk uit Huisgenoot, 15 Desember 2011]

- 1.15 Watter maatskappy wil help om die toekoms van kinders te verbeter? (1)
- 1.16 Waarom word die woord "TOEKOMS" in hoofletters geskryf? (1)
- 1.17 Waarom word oulike kinders in advertensies (ook in hierdie advertensie) gebruik? (2)
- 1.18 Wat beteken die onderstreepte woord in die onderstaande sin?
"BiC sit die mag in die kinders se hande!" (1)
- 1.19 Waar sal mense wat vir die kompetisie wil inskryf, meer inligting kry? (1)
- 1.20 Wanneer is die sluitingsdatum van die kompetisie? (1)
- 1.21 Hoeveel wenners kan elkeen 'n kontantprys wen? (1)
- 1.22 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.22) en die antwoord (A–D) neer.
READ, 'n maatskappy wat leesprogramme ontwikkel, se logo verskyn ook in die advertensie, omdat hulle ...
A skryfbehoeftes verkoop.
B deel van die wins wil hê.
C BiC se projek ondersteun.
D die penne vir die kinders gee. (1)
- 1.23 Waaruit lei 'n mens af dat die seuntjie wat in hierdie advertensie verskyn, groot drome het? (1)


TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die proses om kougom te maak in SEWE stappe op.
2. Skryf die stappe puntsgewys neer.
3. Nummer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C**SÓ WORD KOUGOM GEMAAK****Chappies**

[Uit: Google.com]

- 1 Of jy nou van 'n vars vrugtesmaak of 'n pippermentgeur hou, daar is min mense wat nie af en toe 'n stuk kougom kou nie. Het jy al gewonder waarvan en hoe kougom gemaak word?
- 2 Kougom word van petroleumprodukte gemaak en bevat bestanddele soos suiker, suikerstroop, kleur- en geurmiddels. Al hierdie bestanddele word in 'n groot menger gesmelt en vir sowat 25 minute lank gemeng. Dié mengsel word dan kougom genoem.
- 3 Dié kougom word dan deur 'n rooster met gate gedruk sodat die stroke kougom almal dieselfde vorm het, nes tandepasta wat deur 'n buis gedruk word.
- 4 Warm kougom sny moeilik. Die volgende stap is dus om die warm kougom na 'n koel vertrek te neem om koud te word. Dit neem tot 24 uur voordat die kougom heeltemal koud is.
- 5 Sodra die kougom koud is, kan 'n mens dit in verskillende groottes en vorme verdeel. Die kougom kan byvoorbeeld in vierkante of reghoeke verdeel word. 'n Groot rooster word hiervoor gebruik. Daarna word die kougom met 'n lem in repies gesny.
- 6 Hierdie repies kougom word in 'n stroopmengsel gedoop. Die stroop help om die kougom minder taai te maak en gee dit 'n soet, harde kors.
- 7 Die verpakking van die kougom word so vinnig deur masjiene gedoen dat ons dit nie eens met die blote oog kan sien gebeur nie! Teen hierdie vinnige tempo word sowat 1 000 pakkies kougom per minuut verpak. Ongelooflik!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Januarie 2012]

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3****TEKS D: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer. Die nommering in die advertensie verwys na woorde wat uitgelaat is en die vraagnommer wat beantwoord moet word.

POSTMATRIEK

**(3.3) SKEP JOU EIE TOEKOMS!
JY SKEP JOU EIE TOEKOMS.**

Betaal die ATKV-
inskrywingsgeld van
R75 000,00

VOOR

30 Nov. 2012 en

SPAAR R3 500!

Ná matriek lê die wêreld aan jou (3.4) ... Sluit aan by ons Postmatriek-wegbreekjaar. Postmatriek word by die ATKV se spogoord, Drakensville, aangebied. Met die wegbreekjaar kan jy vriendskappe opbou wat (lewe + lank) sal hou. Aan die einde van die program behoort jy jousef beter te ken. Gun jousef dus die kans om 'n goeie besluit oor jou toekoms en loopbaanrigting te (3.9 ...).

DIE PROGRAM SLUIT DIE VOLGENDE IN:

- Ontwikkeling van jou persoonlikheid
- Toekomsbeplanning (stel jou eie curriculum vitae op)
- Word straatwys (finansies, selfverdediging, ens.)
- Avontuur (skubaduik, abseil, ens.)
- En die belangrikste van alles: pret

KONTAK:

Lizette Odendaal by 011 919 9038
of www.atkv.org.za en klik op
ATKV-Postmatriek



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 27 Oktober 2011]

3.1 VOLTOOI die sin.

Die sin in die sirkel oor die inskrywingsgeld is 'n voorbeeld van manipulerende taal. Dit manipuleer die leser om ...

(1)

- 3.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
Die VOORVOEGSEL “post-” in POSTMATRIEK beteken (na/voor/gedurende) matriek. (1)
- 3.3 Lees die sinne wat sin 1 en sin 2 hieronder genommer is.
- 3.3.1 Kies die SINSOORT (sin 1 of sin 2) wat die beste by die advertensie pas.
Sin 1: Skep jou eie toekoms! (Bevelsin)
Sin 2: Jy skep jou eie toekoms. (Stelsin) (1)
- 3.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (1)
- 3.4 Voltooi die volgende IDIOOM. Kies uit die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.4) en die antwoord neer.

sy; voete; bene; hart

Ná matriek lê die wêreld aan jou ... (1)
- 3.5 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Postmatriek word by Drakensville aangebied. (1)
- 3.6 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Met die wegbreekjaar kan jy vriendskappe opbou wat (lewe + lank) sal hou. (1)
- 3.7 Gee die AFKORTING van die onderstreepte woorde. Skryf slegs die afkorting as antwoord neer.
Stel jou eie curriculum vitae op. (1)
- 3.8 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.8) en die antwoord neer.
Iemand wat straatwys is, is ... oor die lewe.
A realisties
B ingelig
C krities
D negatief (1)
- 3.9 Vul die ontbrekende WERKWOORD in. Skryf slegs die vraagnommer (3.9) en die antwoord neer.
Gun jouself dus die kans om 'n goeie besluit oor jou toekoms en loopbaanrigting te ... (1)

VRAAG 4

TEKS E: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



4.1 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.1) en die antwoord neer.

Die titel, "Groeipyne", verwys na die dinge wat kinders leer wanneer hulle ...

- A speel.
- B grootword.
- C skoolgaan.
- D werk. (1)

4.2 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Is daar 'n manier waarop ek (baie) geld kan maak? (1)

4.3 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Ma dra die (kleure/klere) in 'n wasgoedmandjie. (1)

4.4 Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul. Skryf slegs die vraagnommer (4.4) en die antwoord neer.

Zoë loop ... haar ma aan. (Raampie 1) (1)

4.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Hoe wil jy jou geld verdien? (1)

- 4.6 VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.
Zoë, jy kan die kar was. Jy het die onkruid uitgetrek. (nadat)
Begin só: Zoë, jy ... (1)
- 4.7 Lees weer die woorde in raampie 2.
Wat suggereer die stippels in die sin? (1)
- 4.8 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.
Miskien sal jy iets erf. (1)
- 4.9 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.
Jy moet werk vir jou geld.
Begin só: Jy behoort ... (1)
- 4.10 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.
Ma sê: “Zoë, jy moet werk vir jou geld.”
Begin só: Ma sê vir Zoë dat ... (1)
- [10]**

VRAAG 5

TEKS F: PROSA – BOEKRESENSIES

Die taalvrae wat volg, is op die boekresensies hieronder gebaseer. Daar is opsetlike taalfoute in die teks.

MEER AS 'N GOEIE STORIE ...		
Resensie 1	Resensie 2	Resensie 3
<p>SPOGRESEPTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VROUELANDBOU-UNIE (LAPA Uitgewers, R225)</p>  <p>(5.1) 'n Mooi kookboek laat 'n mens se mond water! Die Suid-Afrikaanse Vrouelandbou-unie (SAVLU) het vir hulle 80^{ste} verjaarsdag 'n nuwe resepteboek saamgestel. (5.2) Die kook-idees in dié boek is nuut. (5.3) Hierdie boek is by 'n vergadering vinnig vanjaar saamgestel. Dit het die (5.4) pragtigste foto's en die lekkerste resepte in. Daar is altesaam 205 resepte, alles van gewone etes tot spesiale geleenthede. Jy móét die boek koop!</p>	<p>EN EK KAN NIE OPHOU KYK NIE – SEAN BRAND (One Minute Trolley Dash, R285)</p>  <p>(5.5) wie is Sean Brand Sean Brand is 'n beroemde rock-'n-roll-fotograaf. (5.6) Met sy kamera wys hy hoe Suid-Afrika se musiekgroepe regtig lyk. (5.7) Jy sal ... oë nie glo nie!</p>	<p>KOS VIR DIE KENNER – C LOUIS LEIPOLDT (Human & Rousseau, R230)</p>  <p>Baie kosskrywers sal (5.8) (ken/weet) dat C Louis Leipoldt ook resepteboeke geskryf het. Elke (5.9) skrywer van die Vrouelandbou-unie wil soos C Louis Leipoldt wees. (5.10) Hy is met groot respek deur die ander sjefs behandel. (5.11) Hy het 'n boek geskryf (in + wat) meer as 'n 1 000 van sy resepte verskyn. Dit sluit alles van die kookkuns in. (5.12) Baie kosskrywers was opgewonde toe Leipoldt hierdie boek ytgegee het. Dit maak nie saak dat daar geen prente is nie – sy beskrywings en kort resepte is maklik om te volg.</p>

[Verwerk uit *Taalgenoot*, Lente 2011]

- 5.1 Gebruik die onderstreepte woord in 'n sin sodat dit 'n **SELFSTANDIGE NAAMWOORD** is.
'n Mooi kookboek laat 'n mens se mond water. (1)
- 5.2 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Die kook-idees in dié resepteboek is nuut. (1)
- 5.3 Skryf die volgende sin in die **KORREKTE WOORDORDE** neer.
Hierdie boek is (by 'n vergadering) (vinnig) (vanjaar) saamgestel.
Begin só: Hierdie boek is ... (1)

- 5.4 Gee 'n SINONIEM vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Dit het die pragtigste foto's in. (1)
- 5.5 Skryf die sin oor en vul die korrekte SKRYFTEKEN en LEESTEKEN in.
wie is Sean Brand (2)
- 5.6 Gee die AFKORTING van die onderstreepte woord. Skryf slegs die antwoord neer.
Met sy kamera wys hy hoe Suid-Afrika se musiekgroepe regtig lyk. (1)
- 5.7 Voltooi die sin deur die KORREKTE VOORNAAMWOORD in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Jy sal ... oë nie glo nie! (1)
- 5.8 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Baie kosskrywers sal (ken/weet) dat C Louis Leipoldt ook resepteboeke geskryf het. (1)
- 5.9 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Elke skrywer van die Vrouelandbou-unie wil soos C Louis Leipoldt wees. (1)
- 5.10 Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM oor.
Hy is met groot respek deur die ander sjefs behandel.
Begin só: Die ander sjefs ... (1)
- 5.11 Skryf die KORREKTE BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies neer.
Hy het 'n boek geskryf (in + wat) meer as 'n 1 000 van sy resepte verskyn. (1)
- 5.12 Verbeter die onderstreepte SPELFOUT in die volgende sin.
Baie kosskrywers was opgewonde toe Leipoldt hierdie boek ytgegee het. (1)
- 5.13 Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing. Skryf die lettergreep wat die klem dra, neer.

re-sep-te s.nw. 1 Voorskrif, aanwysing vir die bereiding van iets.

[Uit: HAT 5de uitgawe]

(1)
[14]

TEKS G: PRENT

Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



[Uit: *Huisgenoot*, 22 September 2011]

- 5.14 Voltooi die volgende IDIOOM.
Waar daar 'n ... is, brand daar 'n vuurtjie. (1)
- 5.15 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.
Die (huil) kind wys na die vleis op die rooster. (1)
- 5.16 Kies die UITROEP wat die volgende sin die beste voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.16) en die letter (A–D) neer.
“...! Kyk hoe lekker lyk dié wors.”
A Hoera
B Siestog
C Vervlaks
D Allawêreld (1)
- 5.17 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.
Die dogter hou die pop vas.
Begin só: Die pop ... (1)
- 5.18 Kyk weer na die prent en VOLTOOI die volgende sin. Skryf net die vraagnommer (5.18) en die sin neer.
Die boodskap wat die prent uitdra dat ... eenkant staan terwyl ... vleis braai, is stereotiperend. (2)

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80